education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN: VRYSTAAT PROVINSIE

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1 SEPTEMBER 2010 MEMORANDUM

Hierdie memorandum bestaan uit 4 bladsye.

Vraag	Riglyn-antwoord	Punt	*AS*	Vlak
1.1	Chuck Berry	1	*2.2.1*	1
1.2	Hy het "beat" bygesit / Hy het dit ritme gegee ✓(Indien nie volsin, verbeur punt).	1	*2.1.3*	2
1.3	Dit is nie wetenskaplik getoets nie / Dit is die joernalis se mening ✓	1	*2.2.3*	3
1.4	Waar. "...die afgelope agt jaar of so ..." ✓	1	*2.2.2*	3
	• Verdien slegs punte vir korrekte aanhaling			
	• Penaliseer nie indien verkeerde tegniek van aanhaling gebruik is.			
	• Indien meer as vereiste getal woorde, geen punte.			
	• Indien nie opeenvolgende woorde, geen punte			
1.5	"...briljante..." ✓	1	*2.2.5*	3
	• Penaliseer nie indien verkeerde tegniek van aanhaling gebruik is.			
	• Indien meer as vereiste getal woorde, geen punte.			
1.6	Die Polisiekar-afsplinterings (sangers / groepe wat die Polisiekarre begin			2
	na-aap het) het almal dieselfde begin **lyk en klink** ✓	1	*2.2.1*	
	• beide sleutelwoorde vir punt			
1.7	Hulle het gefluister omdat hulle bang / onseker was (van wat om te verwag). /			3
	Hulle wou nie die kunstenaars te nakom / in die openbaar kritiseer nie. /			
	Hulle was nie seker of die tyd vir verandering al reg was nie. /			
	Hulle was onseker of hulle die reg het om iets nuuts te verwag. / Hulle het	1	*2.2.4*	
	daaroor gewens en wou dit nie hardop uitspreek nie. / Hulle wou hulle			
	behoefte opper sonder om daarop aan te dring. ✓			
1.8	Hip-hop / rap (rymklets) ✓	1	*2.2.6*	1
	• enige EEN van bogenoemde			
1.9	"...doodsteek..." ✓	1	*2.2.5*	3
1.10	"...watter musiek gewild sou wees vir watter taal-, ras en etniese groep...) ✓	1	*2.2.6*	2
	• indien volledige sin aangehaal, geen punte			
	• penaliseer nie indien verkeerde tegniek van aanhaling gebruik is			
1.11.1	Die joernalis gee nie om as dit as "zef" beskou word nie – solank dit net			
	Afrikaanse musiek bevorder.✓	1	*2.1.6*	2
	• indien nie hoofsaaklik in eie woorde nie, geen punte nie			
1.11.2	Krediet vir kandidaat se eie respons ✓✓	2	*2.2.9*	5
1.12	"fun-rap" / net rap / rymklets / party-musiek ✓	1	*2.2.1*	2
	• aanvaar NIE: zef-musiek / preek-rap			
1.13	Beide kunstenaars wil "entertain" / vermaak. ✓	1	*2.1.3*	3
	Beide kunstenaars wil nie preek / voorskryf nie. ✓	1	*2.1.3*	
1.14	Krediet vir kandidaat se eie respons. ✓	1	*2.3.1*	4
1.15	"... (ge-)debatteer ✓	1	*2.2.7*	2
1.16	Krediet vir kandidaat se eie respons ✓✓	2	*2.2.9*	5
1.17	Alle musiekgroepe / kunstenaars / orkeste / "bands" wat hom gaan na-aap /			3
	sy musiek gaan gebruik as basis vir 'n nuwe genre. ✓	1	*2.1.6*	
1.18	Dit verwys na **nuwe musiek** / **nuwe genre van popmusiek**. ✓	1	*2.1.7*	3
1.19.1	Dié stadion gaan die eindstryd aanbied. ✓	1	*2.2.6*	1
	• Antwoord moet uit die teks kom – dus nie antwoorde soos "Die meeste mense / grootste deel van die			
	bevolking is daar gekonsentreer nie" / Dit is naby Soweto of Johannesburg nie .			
1.19.2	Kalbas / Afrika-pot ✓	1	*2.2.1*	2
1.20	Mbombela-stadion ✓	1	*2.2.2*	3
1.21	Dit beskik oor 'n **kabelkar** waarmee jy tot **106 m** bo stadion kan ry.✓			
	Daar is 550 steil **trappies** waarmee jy tot bo kan **klim**.✓	1	*2.1.3*	3
	• "kabelkar" en "106 m" moet saam genoem word vir punt, want dit gaan oor avontuur.			
	• "trappies" en "klim" moet saam genoem word vir punt, want dit gaan oor avontuur.			
1.22	Die glaspanele en PVC-panele demp die klank / geraas van die toeskouers /			
	Die geraas van die toeskouers ontsnap nie so maklik nie / Geraas van die			
	toeskouers kan nie so duidelik gehoor word nie. ✓	1	*2.3.1*	2

1.23	Krediet vir kandidaat se eie respons.	1	*2.2.9*	5
1.24	Krediet vir kandidaat se eie respons.	1	*2.2.6*	4
	• indien meer as maksimum getal woorde gebruik, geen punt.			
1.25	Handel oor een spesifieke onderwerp. / Verskaf 'n kort opsomming van			3
	onderwerp. / Bevat illustrasies / foto's van die onderwerp. / Bevat grafiese			
	inligting oor onderwerp. / Word slegs aan een kant van bladsy gedruk. ✓	1	*2.2.9*	
		[30]		

OPSOMMING

Sewe verantwoordelikhede:

1. Die doelwagter moet verhoed dat die opponente doele aanteken.
2. Verdedigers moet die doelwagter ondersteun in sy poging om doele te keer.
3. Hulle (verdedigers) moet die afrigter se spelpatroon uitvoer.
4. Middelveldspelers moet sorg dat die opponente nie die bal kry nie.
5. Hulle (middelveldspelers) moet die doelskieters van balbesit voorsien.
6. Doelskieters moet punte aanteken.
7. Hulle (doelskieters) moet hulle spanmaats ook geleenthede bied om doele te skop.
8. Doelskieters moet die spel se tempo stadiger maak.

NASIENRIGLYNE

7 punte vir 7 korrekte feite in volsinne
3 punte vir taal

Ken punte vir taal uit 3 soos volg toe:

- *Vir 1 punt uit 3 moet die kandidaat 1 tot 3 feite reg hê.*
- *Vir 2 punte uit 3 moet die kandidaat 4 tot 5 feite reg hê.*
- *Vir 3 punte uit 3 moet die kandidaat 6 tot 7 feite reg hê.*

Penaliseer vir taalfoute soos volg:

- Indien 85 woorde of meer in totaal gebruik is, minus 1 van die groottotaal.
- Merk ALLE taalfoute, al word dieselfde fout herhaaldelik gemaak.
- Taalfoute sluit in: grammatika-foute, spelfoute en leestekenfoute.

  - 0 – 4 van bogenoemde foute: geen punte aftrek
  - 5 – 10 van bogenoemde foute: 1 punt aftrek
  - 11 – 15 van bogenoemde foute: 2 punte aftrek
  - 16 of meer van bogenoemde foute: 3 punte aftrek

Penaliseer vir direkte aanhalings soos volg:

- 1 – 3 feite direk aangehaal: geen punte aftrek
- 4 – 5 feite direk aangehaal: 1 punt aftrek
- 6 – 7 feite direk aangehaal: 2 punte aftrek

Vraag	Riglyn-antwoord	Punt	*AS*	Vlak
3.1	Selfstandige naamwoorde gekoppel met rigtings word met ‘n koppelteken	1	*4.1.1*	2
	geskryf.			
3.2.1	-ra-	1	*4.1.3*	1
	indien enige ander letter bygevoeg, geen punt.			
3.2.2	“...nakomelinge...” / “...kinders...”	1	*4.1.3*	1
3.3	konserwatiewe	1	*4.1.8*	2
3.4	B tussen	1	*4.1.4*	1
3.5	Afrikanertjies	1	*4.1.5*	1
3.6	Akademikusse	1	*4.1.5*	2
3.7	agterdogtiger	1	*4.1.6*	2
3.8	**In plaas van** uit die verlede te leer ...	1	*4.1.7*	1
3.9	bevind	1	*4.1.8*	1
3.10	B mense en rasse	1	*4.1.9*	2
3.11	infinitief	1	*4.2.1*	1
3.12	aangewese	1	*4.2.3*	2
3.13	gerusstellende	1	*4.2.3*	2
3.14	Leon Schuster het **wéér** sy skelmkamera-streke uitgehaal.	1	*4.2.4*	2
	uitroepteken is opsioneel – klemtekens korrek gebruik verdien punt.			
3.15	Schuster en sy span versondig **die Kapenaars se siele** vir ‘n hele dag.	1	*4.2.5*	1
3.16	Enige aanvaarbare byvoeglike bysin wat een van die volgende uitbrei:			
	• film (wat hoofsaaklik in Kaapstad verfilm is) ...			
	• geld (waarvan die meeste mense net kan droom) ...	1	*4.2.6*	2
3.17	Schuster (Leon / Hy) wou weet (het gevra) of hy dan sy ondersteuners			
	se behoeftes so lank misgekyk het. ✓✓	2	*4.2.9*	2
	• gee punte vir: “wou weet” / “het gevra” (die vraagteken moet omskryf word) ✓			
	• “...hy dan sy...” (die verandering van die voornaamwoorde) ✓			
	• Aanvaar ook: Schuster wou / wil weet / het gevra / vra of hy dan so lank sy ondersteuners se			
	behoeftes misgekyk het.			
3.18	Vervang / staan in die plek van kru / vuil / onaanvaarbare taal. / Dit steek			
	‘n vloekwoord weg.	1	*4.3.2*	2
	• nie: Dis ‘n versagting van die taalgebruik nie / Dit stel die woorde net sagter / Dit klink nie so kru nie			
3.19	Sy gehoor is nie in dié rolprent teleurgestel nie. / Sy gehoor is nie teleur-			
	gestel in dié rolprent nie.	1	*4.2.8*	2
3.20	Die grimering in sy nuwe rolprent is nie kosmeties nie.	1	*4.2.10*	2
3.21	Die woord is in ‘n vreemde betekenisverband gebruik. / Die woord is nie in			
	sy direkte verband gebruik nie. / Schuster is nie regtig opgepomp nie. /			
	Dit is ‘n figuurlike verwysing na sy grimering.	1	*4.2.12*	2
3.22	Hy het dieselfde oorgekom as wat hy met die publiek in sy film gemaak			
	het. / Hy is self deur sy skelmkamera-streke uitgevang. / Hy het ook			
	gevoel hoe dit voel om uitgevang te word. / / Hy was aan die ontvangkant			
	van sy eie kamerastreke.	1	*4.2.13*	2
3.23	B konnotasie	1	*4.3.1*	1
3.24	...mans wat sokkermal / sportmal is nie gepla wil word wanneer hulle na			
	sport (sokker) op die TV kyk nie.	1	*4.3.2*	2
3.25	Vroue het geen /baie min sportkennis.	1	*4.3.3*	2
3.26	afstandbeheer / afstandbeheerder	1	*4.1.7*	1
	• indien verkeerd gespel, geen punt.			
3.27	Sy moet hom bedien (deur disse in die yskas te gaan haal).	1	*4.3.2*	2
3.28	Krediet vir leerder se eie respons.	1	*4.3.2*	5
		[30]		